NEWSLETTER ~ NUUSBRIEF

August 2007 Augustus

Electrical Contractors' Association (SA) – East / South Cape Region
Elektrotegniese Aannemersvereniging (SA) – Oos / Suid-Kaapstreek

7699, NEWTON PARK, 6500
Tel: (041) 363-1990 / Fax: (041) 363-1997 / E-mail: Elaine@ecasa.co.za / Website: www.ecasa.co.za

ECA (SA) Schedule of Variation Rates.

We are pleased to inform members that the 2007 edition of the Schedule of Variation Rates as published by the ECA (SA) is now available. Phone Elaine in Port Elizabeth or Danita in East London for your copy of the document.

DEMARCATION DISPUTE – ELECTRICAL / BUILDING BARGAINING COUNCILS.

The long awaited and much anticipated demarcation hearing between the Electrical and Building Bargaining Councils in the East / South Cape commenced in the CCMA, Port Elizabeth on Tuesday 31 July 2007 under Senior Commissioner Floors Brand. Both parties were represented by senior counsel at the proceedings. The parties have held an informal pre-arbitration conference to facilitate discussions at the hearing on 31 July 2007.

In essence the Building Bargaining Council, as applicants in the matter, seeks a determination that the jurisdiction of the Electrical Bargaining Council is excluded in the South and East Cape in respect of the building industry as defined. The Electrical Bargaining Council contends that certain electrical contractors currently registered with the Building Bargaining Council do not themselves perform building construction work as ordinarily understood. These electrical contractors carry out electrical installation work on building and construction projects as sub-contractors and therefore fall within the registered scope of the Electrical Bargaining Council and are obliged to register with it. The outcome of the hearing is expected within 14 days and members will be kept informed of progress.

S.A. INSURANCE ASSOCIATION

Statistics published over the past few years indicate that incorrect installation methods, the use of incorrect valves or the absence or plugging of safety and pressure reducing valves is usually the cause of a burst geyser. Between 30.000 and 40.000 geysers are installed in South Africa every month and 65% of these are replacements paid for by the insurance industry. This is costing the industry up to R300 million per year in replacements and repairs. The East / South Cape region of the ECA (SA) recently made a written submission the S.A. Insurance Association (SAIA) to draw attention to the growing practice of plumbers carrying out the electrical installation on a new or replacement geyser. All such work can only be performed by a registered electrical contractor, who is required to issue a COC to confirm that the work complies within the requirements of SANS 10142-1. The ECA (SA) in its

submission, pointed out that plumbers are not permitted to perform electrical installation work and that the user of such appliance is at risk if such work has been carried out by an illegal operator. SAIA has undertaken to consider the ECA (SA) submission in which the ECA (SA) also requested that the parties agree on suitable measures to be introduced by individual insurers to safeguard their customers by insisting on the issuing of a COC for every new or replacement geyser installed.

STILBAAI

Met die hulp en samewerking van die Vise Voorsitter van die Suid Kaap tak van die EAV (SA) Mnr. Hannes Raubenheimer, is 'n baie suksesvolle vergadering op Dinsdag 24 Julie 2007 in die pragtige kusdorpie Stilbaai gehou. Beamptes van plaaslike voorsieningsowerhede vanaf Albertinia, Riversdale en Stilbaai, asook 'n aantal plaaslike elektriese kontrakteurs het die vergadering bygewoon. Daar is ooreengekom dat die EAV (SA) die vereistes waaraan 'n wettige kontrakteur moet voldoen, ten einde sy besigheid te bedryf, aan bogenoemde stadsrade beskikbaar maak. Hierdie inligting sal dan deur die rade aan die verbruikers saam met hul water en ligterekeninge uitgestuur word. Die EAV (SA) is ook besig met reëlings om 'n seminaar vir eiendomsagente en oordragprokureurs op Stilbaai aan te bied wat sal handel oor die Sertifikaat van Nakoming.

Bedrogspul met Bedradingslisensies

Die EAV (SA) in die Oos / Suid Kaap het onlangs 'n bedrogspul ontdek met die uitreik van akkreditasiesertifikate (bedradingslisensies). 'n Baie praktiese besigheidsman in Umtata het besluit om iets daadwerklik aan die tekort aan geskoolde ambagsmanne in die Elektriese Nywerheid te doen – hy het doodeenvoudig begin om vaktoets sertifikate te laat druk op sy besigheid se briefhoof en die sertifikate dan verkoop aan onskuldige persone teen R5000.00 stuk. Hierdie besigheidsman het egter 'n stapie verder gegaan, hy voorsien sommer ook 'n bedradingslisensie op aanvraag as deel van die pakket.

Die kersie op die koek is 'n registrasiesertifikaat om 'n besigheid te bedryf as elektriese kontrakteur, net geldig vir 1 jaar soos die Wet vereis! Twee baie ongelukkige slagoffers van hierdie skelmstreek moes onlangs tot hulle spyt uitvind dat hulle "lisensies" nie geldig is nie. Hierdie persone was baie verontwaardig toe hulle besef dat hul dokumentasie vals is en was vas onder die indruk dat hulle geldige lisensies in hul besit gehad het. Danita Jordaan in die Oos London kantoor van die EAV / ECB moes baie taktvol verduidelik dat die twee persone nie sertifikate van nakoming kon koop nie en dit het net bygedra tot verdere ongelukkigheid.

Die EAV (SA) is in besit van afskrifte van die vals dokumente en het onmiddelik die saak onder die DOL Bestuurder in Oos Londen, Alfred Cakata gebring. 'n Inspekteur van DOL is opdrag gegee om die saak noukeurig te ondersoek en indien nodig SAPS se hulp in te roep ten einde die skuldiges aan die man te bring en te vervolg. Lede word versoek om alle akkreditasiesertifikate van werksoekers deeglik na te gaan. Kliente word ook gemaan om sorg te dra dat 'n elektriese kontrakteur se dokumente in orde is voordat hy aangestel word om werk te doen.

Die Wet vereis die volgende:

* Alle elektriese kontrakteurs moet in besit wees van 'n Registrasiesertifikaat as Elektriese Kontrakteur wat slegs deur die Elektrotegniese Aannemingsraad van Suid Afrika (ECB) uitgereik mag word.
* Dring aan daarop om die oorspronklike lisensiekaart te sien en maak seker dat die lisensie vir 2007 hernieu is.
* Alle elektriese kontrakteurs wat geregistreer is by die Raad sal ook bewys kan lewer dat 'n persoon, wat in die voltydse diens van die kontrakteur is, as geakkrediteerde persoon by die Departement van Arbeid (DOL) geregistreer is.
* Die geakkrediteerde persoon ontvang 'n lisensiekaart wat slegs deur DOL aan hom uitgereik mag word.